Ek is...uitsprake van Jesus











Inhoudsopgawe

1. Inleiding
2. Ek is...wat ek is
3. Ek is... die brood wat lewe gee
4. Ek is... die lig vir die wêreld
5. Ek is...die ware wingerdstok
6. Ek is...die goeie herder
7. Ek is... die ingang vir die skape
8. Ek is...die opstanding en die lewe
9. Ek is...die weg, die waarheid en die lewe

Onleiding

Die Johannes Evangelie is baie besonders. Johannes se uitkyk op die lewe en optrede van Jesus is effe anders as wat ons vind in die ander Evangelies. Johannes se benadering tot Jesus en Sy rol is dus baie uniek.

Ons vind hierdie besondere uitsprake van Jesus slegs in die Johannes Evangelie. Hierdie "Ek is" uitsprake van Jesus herinner ons aan hoe God aan Moses gesê het wie Hy is: "*Ek is wat Ek is"* (Eks. 3:14). Hiermee eis Jesus dus telkens vir Homself die volle goddelike wese en gesag op. In sy "*Ek is"* uitsprake sê Jesus bo alle twyfel dat Hy God-in-die-menslike gestalte is. Sewe is gewoonlik die getal van heilige volheid en dit is opvallend dat die *Ek-is* sewe keer verbind word aan beelde soos:

1. **Joh. 6:35** — "Ek is die brood wat lewe gee."
2. **Joh. 8:12** — "Ek is die lig vir die wêreld."
3. **Joh. 10:7** — "Ek is die ingang vir die skape."
4. **Joh. 10:11** — "Ek is die goeie herder."
5. **Joh. 11:25** — "Ek is die opstanding en die lewe."
6. **Joh. 14:6** — "Ek is die weg, die waarheid en die lewe."
7. **Joh. 15:1** — "Ek is die ware wingerdstok."

In hierdie studie gaan ons op reis deur die Johannes Evangelie. Ons sal spesifiek stilstaan en kyk na die verskillende "Ek is" uitsprake van Jesus. Dit is my gebed dat God Homself tydens hierdie studie opnuut aan jou sal openbaar en dat jy verstom sal staan voor Sy grootheid en almag, asook sy oneindige liefde vir jou.

Geniet die reis

Dr. Jean Strydom

Ek is...wat Ek is

Alhoewel hierdie nie een van die sewe amptelike “Ek is” uitsprake vorm nie, kan ons nie anders as om hiermee te begin nie. Hierdie uitspraak vorm die basis vir ons verdere kyk na die ander uitsprake. In Johannes 8:31-59 is Jesus in gesprek met Jode. Hierdie Jode verstaan nie wie Hy waarlik is en dat Hy die Messias, die gestuurde en gesalfde van God af is nie. Jesus redeneer met hulle oor hulle sogenaamde afstammeling van Abraham, maar Jesus maak dan ‘n uitspraak wat Hom dadelik in die warm water laat beland. ‘n Uitspraak wat veroorsaak dat hulle dadelik klippe optel om Hom te stenig.

Wat het Jesus gesê wat hulle so ontstel het? In Joh. 8:58 se Hy: “Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham al gebore is, was Ek al wat Ek is.” Deurdat Jesus hierdie woorde uiter plaas Hy homself voor hulle as God. Dit is nie net hier nie, maar ook in Markus 14:61-62 bevestig Jesus voor die hoëpriester dat Hy is “Ek is”. Dit was nie net in Joh. 8:59 wat die Jode Jesus wou stenig nie, maar dieselfde insident het hom afgespeel in Joh. 10:30-31 waar Jesus gesê het dat Hy en die Vader een is.

Hierdie “Ek is” uitspraak was baie bekend in die volksmond. Dit was uitsluitlik gekoppel aan God en het sy oorsprong in die gesprek tussen God en Moses in Eksodus 3:14 waar Moses vir God vra wat moet hy die Israeliete antwoord as hulle vir hom vra wie hom gestuur het. “Toe sê God vir Moses: ”Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: “’Ek is’ het my na julle toe gestuur.” God is dus die eerste een wat Homself “Ek is” noem.

Wanneer Jesus dus Homself koppel aan “Ek is”, dan maak hulle dadelik die konnotasie dat Hy homself God noem. Deur die res van die “Ek is” uitsprake toon Christus nie net wie Hy is nie, maar ook hoe die Vader is, want wie Hom sien, sien ook die Vader (Joh. 14:9).

Lees Eksodus 3:14 en Johannes 8:31-59

Besprekingsvrae:

1. Vertel vir mekaar hoe jou week was en waar jy God se werking gedurende die week gesien het.
2. Vertel vir mekaar "Wie jy is" voordat ons gaan kyk wie Jesus is.
3. Gesels oor die betekenis van God se naam: "Ek is"?
4. Wat dink jy wou Hy hiermee by Moses en die volk tuisbring?
5. Hoeveel waarde heg jy aan God se naam?
6. In Ps. 8:2 staan: "Here ons Here, hoe wonderbaar is U naam oor die hele aarde." Wat beteken dit vir jou?
7. Watter troos vind jy in die naam van God, wat jou toekoms aanbetref? Lees ook Op. 1:8 om jou met jou bepeinsing hieroor te help.
8. Op watter manier bemoedig dit jou om te weet dat God altyd dieselfde is?
9. Wanneer jy dink aan God wat Homself "Ek is" noem, dan plaas Hy homself onmiddellik buite tyd. Hy sê vir ons dat Hy nie 'n begin en einde het nie. Hoe kan ek en jy deel kry en word van hierdie oneindigheid van God? (Joh. 1:12; Joh. 11:25-26; Rom. 5:21)
10. Lees Johannes 8:31-59 en deel met mekaar wat die Here op jou hart druk in terme van hierdie gedeelte.
11. Was Jesus die enigste een tot dusver wat geproklameer het dat hy God is? (Lees Mark. 13:5-6 om jou hiermee te help)
12. Daar is baie mense wat nie die Woord van die Here wil hoor nie, veral oor dit wat dit moontlik aan hulle lewens kan doen. Watter konflik is daar tussen dit wat Jesus verkondig en mense se algemene religieuse oortuiginge?
13. Hoe sou jy opgetree het indien jy een van die omstanders was toe Jesus gesê het "Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham al gebore is, was Ek al wat Ek is."?
14. Kyk bietjie na die gesindheid van die Jode vanaf Joh. 8:31-33 na 8:59. Doen ons nie maar dieselfde as ons hoor wat dit waarlik beteken om 'n navolger van Jesus te wees nie? Wil baie van ons nie maar net geassosieer wees met Jesus maar nie werklik die dissipelskap (navolger) pad stap nie?
15. Dit wat baie mense in die wêreld glo en as algemeen aanvaarbaar beskou en dit wat Jesus verkondig verskil van tyd tot tyd. Gesels hieroor en hoe kan ons dit oorbrug?

Samevatting en Afsluiting

1. Probeer in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Ek is die brood wat lewe gee

Daar is 'n Joodse stukkie humor oor 'n ou man wat elke dag by 'n restaurant die sop van die dag bestel het. Op 'n dag vra die bestuurder hom of hy dit geniet het. Die ou man antwoord: "Ja, dit was goed, maar twee snytjies brood is nie genoeg nie." Die volgende dag gee die kelnerin vir hom vier snye brood. "Hoe was jou maaltyd?" vra die bestuurder. "Dit was goed, maar jy kon meer brood gegee het," antwoord die ou man. Die volgende dag gee die kelnerin hom toe agt snye brood. "Hoe was jou maaltyd, meneer?" vra die bestuurder. "Dit was goed, maar jy kan meer brood gee," kom die antwoord. Die volgende dag sny die bestuurder 'n hele brood op in sestien snye en gee dit saam met die sop vir die ou man. "Hoe was jou maaltyd, meneer?" vra die bestuurder. "Dit was goed, maar jy kan meer brood gee," kom die antwoord van die ou man. Die bestuurder is nou gedetermineerd om dié kliënt van hom tevrede te stel en laat bak 'n 2 meter lange brood, sny dit in twee dele, botter dit en bedien dit aan die ou man saam met sy bakkie sop. Die ou man is ook nie links nie en eet die twee helftes van dié twee meter lange brood smaaklik op. "Hoe was jou maaltyd vandag, meneer?" vra die bestuurder met verwagting. "Dit was goed, soos gewoonlik, maar ek sien julle is terug by net twee snytjies brood."

Sekere mense kan jy nooit tevrede stel nie.

Maar die ontevredenheid gaan dieper as kos. The Rolling Stones het jare gelede 'n liedjie gesing wat die probleem opgesom het met die woorde: "I Can't -Get No Satisfaction." (wat dan eindeloos in die liedjie herhaal word om dié punt te onderstreep).

Inderdaad. Maak nie saak wat jy eet of drink of doen nie. Tevredenheid ontwyk ons. Dit bly 'n droom. Behalwe as jy Jesus ernstig neem wat sê: "Ek is die Brood van die Lewe".

In Johannes 6:33, 35, 48, 51 het Jesus dit 'n paar maal beklemtoon: Ek is die brood!. Hy sê: Die brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee; Ek is die brood wat lewe gee; Ek is die lewende brood wat uit die hemel kom.

In Palestina is brood 'n stapelvoedsel. Dit is die een kossoort wat nodig is om aan die lewe te bly. Niemand kan daarsonder klaarkom nie. As Jesus Homself dus die brood noem, gebruik Hy 'n beeld wat vir die Jode betekenisvol is.

Jesus se verwysing na Homself as die Brood wat lewe gee, moet ons verstaan teen die agtergrond van dit wat aan die begin van hoofstuk 6 gebeur, waar Jesus ‘n skare mense met die paar vissies en broodjies voed. Daar voed Hy die skare na hulle liggaam. En toe Hy daarmee klaar is, begin Hy met hulle te praat oor geestelike voedsel. Hoe jou gees, jou menswees, jou soeke na verlossing uit jy sonde, jou soeke na vrede en rustigheid se honger ook gestil kan word. En, sê Jesus vir die mense daar, dit kan Hy ook doen. Hy kan ook die mens se geestelike honger stil, omdat Hy die Brood is wat lewe, ewige lewe, kan gee.

Dit is egter die agtergrond waarteen ons die woorde van Jesus moet verstaan wanneer Hy vir hierdie mense sê: Ek is die brood wat lewe gee. Wie my liggaam eet sal nooit weer honger kry nie, en wie my liggaam eet het die ewige lewe. Ek gee ware lewe, nuwe lewe. Soos gewone aardse brood julle liggame aan die lewe hou en julle daarsonder nie aan die lewe kan bly nie en sal sterf, so gee my liggaam aan julle die ewige lewe, die ware lewe, waarsonder julle eintlik dood sal wees, geestelik dood sal wees, al leef julle liggame nog.

Dan is daar is natuurlik ook ‘n tweede saak wat ons in gedagte moet hou as ons hierdie beeld wil verstaan: dit veronderstel natuurlik die kruisiging van Jesus, waar Hy sy liggaam en bloed vir ons geoffer het. Jesus is die brood wat die lewe gee, omdat Hy vir ons sy liggaam aan die kruis gegee het. Daarom ook, en veral, is Hy die brood wat lewe gee.

Jesus gaan in die gedeelte egter nog verder. Hy is nie alleen die ware Brood nie, maar, sê vers 56, wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek bly in Hom. Daarmee wou Jesus sê dat wie die liggaam van die Here Jesus eet nie alleen die ware lewe ontvang nie, maar ook een met Hom word. Met ander woorde, dat Hy deur sy Gees in ons kom bly en dat ons in Hom (deur die geloof) kan bly.

Wat beteken dit om een met Christus te wees? Dit beteken dat God deur sy Gees in my bly, sy Gees wat my lei, rig en leer, vertroos en versterk.

Lees Johannes 6:25-52

Besprekingsvrae:

1. Vertel vir mekaar hoe jou week was en waar jy God se werking gedurende die week gesien het.
2. Vertel vir mekaar van ‘n geleentheid toe jy ongelooflik honger was.
3. Vertel van ‘n geleentheid waar jy die heerlikste bord kos geëet het.
4. Lees weer deur die teksgedeelte en gesels oor dit wat vir jou uitstaan.
5. Wat dink jy beteken dit om die brood van die lewe te eet?
6. Wat is geestelike honger?
7. Jesus sê baie duidelik dat Hy die een is wat ons geestelike honger kan versadig. Dit laat my dink aan die gedeelte in Jes. 55:1-3 waar die Here duidelik wys dat daar sommige mense is wat probeer versadig word van die verkeerde goed. Hy verwys dan ook dat mense na Hom toe moet kom.
    a. Op watter verkeerde maniere probeer mense hul geestelike honger stil?
8. Hoekom glo jy Jesus se woorde, dat Hy jou geestelike honger kan versadig?
9. Hoekom dink jy verwys Jesus gereeld na die feit dat Hy uit die hemel kom (o.a. v. 29, 33, 38, 51)?
10. Wat is volgens Jesus die regte manier om die volheid van die lewe te ervaar?
11. Hoe verskil die skare se siening van werke en Jesus sin. Wat vertel dit jou van elkeen se uitgangspunt en benadering tot God?
12. Watter verskil sou dit gemaak het as Jesus vir hulle gesê het “Ek sal vir julle die brood van die lewe gee” in stede van “Ek is die brood van die lewe”?
13. Jesus het ‘n duidelike doelwit op aarde gehad en Hy het daarby gehou. Weet jy wat jou doel is?

Samevatting en Afsluiting

1. Probeer in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Ek is die lig vir die wêreld

In die teologie word die “Ek is” uitsprake ook die sogenaamde Messias metafore genoem wat beteken dat Jesus met die uitsprake wou aandui dat hy die Verlosser is wat alreeds in die Ou Testament voorspel is.

Om Jesus se uitspraak beter te verstaan sal ons die konteks moet verstaan van waar en wanneer die gedeelte plaasvind. Die gebeure vind plaas tydens die Loofhuttefees. Vir 7 dae kom kamp die Jode in tente en gras afdakkies “hutte” wat hulle gebou het rondom die tempel om te onthou hoe swaar hulle voorouers in die woestyn gekry het op pad Kanaän toe. Vir die Jode was die fees ook ‘n herinnering aan die vuurkolom waarmee God hulle voorouers deur die woestyn gely het. Nou sê Jesus, te midde van al hierdie seremonies wat met lig te doen het, dat Hy die ware lig is. Hiermee verwys Hy na die basiese funksie van lig: om duisternis te verdryf en lewe te gee.

In die heel eerste verse van die Bybel (Genesis 1:3) lees ons dat God gesê het daar moet lig wees. Twee dinge gebeur onmiddellik in Genesis 1: (1) daar kom orde, duisternis verdwyn. En (2) ons lees daar was groei. Lig skep altyd die ruimte vir lewe. Op die heel laaste bladsye van die Bybel (Openbaring 21:23) lees ons dat die nuwe stad nie ’n son of ’n maan gaan nodig kry nie, want God self sal die lig wees. God se lig omsluit dus die hele kosmos.

Te midde van al die seremonies van die Loofhuttefees wat met lig te doen het, sê Jesus dat Hy die ware Lig is. Hy is dit nie net vir die Jode nie, maar vir die wêreld. Hy is die lig wat lewe gee aan elkeen wat Hom volg.

Toe Jesus se ouers hulle kindjie na die tempel gebring het, het Simeon Hom in sy arms geneem, God geprys en gedank dat hy met sy eie oë God se verlossing kon sien wat Hy gereed gemaak het vir al die volke: ‘n lig tot verligting van al die nasies (Luk. 2:27-32). Nou bevestig Jesus dit. Hy is die lig vir al die nasies. Hy is die lig vir die wêreld, vir die hele kosmos.

Jesus het dit ook verder geneem deur in Matt. 5:14 te sê dat al Sy volgelinge soos Hy, lig vir die wêreld is. Ons moet dus wees wat Hy is. Paulus bevestig dit in Efesiërs 5:8 en Filippense 2:15. Dit is elke gelowige se roeping.

Lees Johannes 8:12-20

Besprekingsvrae:

1. Vertel vir mekaar hoe jou week was en waar jy God se werking gedurende die week gesien het.
2. Dink bietjie na oor die verband tussen lig en lewe en gesels met mekaar daaroor.
3. Wat dink jy bedoel Jesus met die beeld dat Hy die lig is?
4. Lees Gen. 1:1-5 en Joh. 1:1-4. In beide tekste is lig ter sprake. Dink jy daar is enige verband?
5. Watter ooreenkomste en verskille sien jy raak tussen die vuurkolom in die woestyn (Eks. 14:19-20) en Christus?
6. Christus is nie vir almal die lig nie en tog is Hy vir almal die lig. Hoe verstaan jy die teenstrydigheid? (kyk ook Luk. 2:27-32)
7. Wat sou jy sê is die funksie van lig? Watter karaktertrekke moet dit hê en wat moet dit openbaar?
8. Watter gesindheid van die Fariseërs het hulle verhoed om die Waarheid in Jesus se woorde te herken?
9. Wat is die verhouding tussen lig en lewe in die fisiese wêreld en die verhouding tussen lig en lewe in die geestelike realm?
10. Lees Jes. 9:2-7 en Jes. 60:1-6. Hoe het Jesus hierdie profesieë vervul?
11. Het Jesus se lig al ooit so in jou lewe geskyn dat jy ‘n situasie met ander oë aanskou?
12. Wat beteken dit dat ‘n Christen sy lig moet laat skyn? (Matt. 5:14)
13. Op watter manier laat jy jou lig skyn?

Samevatting en Afsluiting

1. Probeer in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Ek is die ware wingerdstok

Bonsai is 'n Japannese kunsvorm wat miniatuur boompies in potte laat groei. Die gebruik is meer as 1,000 jaar oud. Die doel van bonsai is om 'n kunstige boom te skep wat aangenaam is om na te kyk, en die produk is van die vaardigheid en skeppingsvermoë van die kweker. Die primêre vaardigheid is die vorming van die boompie in 'n pragtige kunswerk deur dit oordeelkundig te knip of te snoei. Die vorming van plante tot pragstukke deur snoeiwerk is nie net tot bonsai beperk nie. In openbare parke en in baie tuine snoei die tuinier plante tot pragstukke. God snoei ook en vorm sy mense tot 'n sieraad. In ons teks is dit juis die beeld van 'n wingerdstok wat gebruik word om God se werk in ons lewens te illustreer.

Soos wat 'n loot in 'n wingerdstok rus en ál sy lewensap uit die wingerdstok ontvang, so doen die gelowige ook. 'n Loot opsigself besit nie enige lewe nie. Isoleer hom van die wingerdstok en hy verdroog en bly sonder vrug. Die loot ontvang alles van die wingerdstok. Vers 4 is daaroor duidelik. Dit is die beeld wat die Here gebruik om die saak te verduidelik. Ná die Paasmaal is Hy nou met Sy elf volgelinge op pad na die tuin van Getsemané en waarskynlik het hulle by plotte verbygeloop waar daar wingerde was. Hy gebruik toe die voorbeeld van 'n wingerdstok om by Sy dissipels 'n geloofswaarheid in te skerp. Die vraag is natuurlik hoe die loot binne-in die wingerdstok kom? Sit hy homself in - met sy geloofskrag of keuses of toewyding of bekerings? Geen loot kan so iets doen nie. Nee, die Vader is die boer (v 1). 'n Gelowige is 'n mens wat iewers in sy/haar lewe tot die asemrowende ontdekking gekom het dat die Vader hom/haar by Christus se dood & opstanding ingesluit/ingereken het én wat hierdie insluiting dankbaar aanvaar/ daarop begin vertrou! Die gevolg is dat die wingerdstok (Christus-deur-die-Gees) se lewensap deur hom/haar begin vloei. Dit is lewe. Hierdie vrug is niks anders nie as om meer-en meer Christus-gelykvormig te word, want jy ís reeds alles wat Christus is – nou wórd jy dit. Dieselfde lewe wat in die wingerdstok is, kom in die loot. Dieselfde lewe. Christus se presiese lewe ís jou lewe!

Die gelowige/vrugbare loot word egter ook deur die boer (God die Vader) gesnoei sodat dit nog meer vrug kan dra (vers 2). Die skêr waarmee die boer snoei is Sy Woord (vers 3). Hy snoei/dissiplineer nie die lote d.m.v. rampe/ongelukke/siekte/dood nie. Geen aardse pa sal sy kind só dissiplineer nie, nog minder God. Nee, Hy snoei/korrigeer met Sy Woord. 'n Christen

word meer Christus gelykvormig / vrugdraend namate hy/sy blootstelling kry aan die Woord van God en dit oordink en mediteer en in sy hart koester. Die kern van die Christelike lewe is dus – nie om in die wingerdstok (Christus) te kom nie, maar om te lewe vanuit die ingesluit wees in die wingerdstok.

Om in Jesus te bly, is om God se liefde vir die wêreld te deel, ook sy pyn en smart vir ’n wêreld in sy nood. Om in Jesus te bly, beteken om in kontak met die liefde van die Skepper te leef. Nog meer: om in Jesus te bly, het vir sy dissipels beteken om Sy woorde van te ken en hulle op te voer. Hulle moes hulle lewens daarop skoei, Hom naboots en volg.

Om in Jesus te bly, is die regte plek vir ’n Christen is om te wees. Dis normale Christenwees. Om in hom te bly, is ’n kwessie van hart en wil. Dis veel meer as om net kerk toe te gaan en jou Bybel te lees. Bly in Jesus, dan kom die vrugte van liefde, vrede, verdraagsaamheid en geregtigheid en dankbaarheid vanself. Daar is ook ’n stuk genade in Jesus se uitspraak: Ek is die wingerdstok en julle die lote. Die lote hoef nie te besluit om vrugte te dra nie. God het die Wingerdstok Jesus in ons midde geplant. Wanneer ons op daardie stok ingeënt is, wanneer ons op die regte plek is, gee Hy ons alles wat nodig is om te groei. Al wat ons moet doen is om deel van die wingerdstok te bly. Dan kom die vrugte onvermydelik. Vrugte wat hom plesier gee en vir ons goed is.

Lees Johannes 15:1-8

Besprekingsvrae:

1. Vertel vir mekaar hoe jou week was en waar jy God se werking gedurende die week gesien het.
2. Lees Johannes 15:1-17. Wat tref jou met ‘n eerste lees uit hierdie gedeelte?
3. Wat beteken dit dat Jesus die ware wingerdstok is?
4. Wat sou dit beteken as God die Vader die boer is?
5. Ons is die lote wat veronderstel is om vrug te dra. Wat gaan ons help om vrug te dra?
6. Watter waarde het “reg-snoei” vir ‘n wingerd?
7. Hoe word ons vandag nog gesnoei en wat is gewoonlik ons reaksie op hierdie tipe sake?
8. Watter waarde wil hierdie snoei dus eintlik in ons lewe tot gevolg hê?
9. Vrug dra word ook bepaal deur die seisoen waarin ons is, bv in die winter is daar geen druiwe nie. In ons lewens is daar ook sekere seisoene waarin ons ook nie vrug dra nie. Deel met mekaar julle ervarings hieroor. Hoe moet ons hierdie tye hanteer?
10. Ons kan alleen vrug dra as ons in Jesus bly. Hoe bly ‘n mens prakties in Jesus?
11. Waarom is aksies soos stiltetyd, bybellees, gebed, kerkbywoning, ens. belangrik?
12. Om in Jesus te bly, beteken ten diepste om in sy liefde te bly. Hoe bly ons in Jesus se liefde? Of in ander woorde, hoe wys ons lewens dat ons vir Jesus lief is?
13. Lees Joh. 14:13 en Joh. 15:7 en Joh. 15:16b. Hoe gaan ons gebedslewe verander as ons in Jesus bly?
14. Watter voorwaardes is daar in al drie hierdie verse vir ‘n gesonde gebedslewe?
15. Watter een saak daag jou uit om in hierdie week anders te gaan leef?

Samevatting en Afsluiting

1. Probeer in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Ek is die goeie Herder

In die Ou Testament word God meermale die herder van sy volk genoem. Die bekendste is sekerlik Psalm 23:1 “Die Here is my herder”. Jesaja 40:11 is ook baie mooi: “Soos ‘n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie.” As Jesus sê “Ek is die goeie herder”, sluit Hy aan by hierdie gedeeltes en beklemtoon Hy die feit dat Hy die gestuurde van God is en dat Hyself ook God is.

In dieselfde hoofstuk waar Jesus sê Hy is die ingang vir die skape noem Hy twee keer dat Hy die goeie Herder is. Hy is dus die ingang, maar ook die een wat eienaarskap het oor die skape. Hy is die een wat hulle belange op die hart dra. In Johannes 10 vertel Jesus van die eienskappe wat Hy as die goeie Herder besit en ook die eienskappe wat sy skape moet hê.

Die eerste kenmerk van die herder is dat Hy ‘n goeie herder is. Hy is nie soos ‘n huurling wat weghardloop en sy skape in die steek laat as die gevaar daar is nie. Hy dra hulle belange op die hart. Hy is ook nie soos ‘n dief en ‘n rower nie, nee Hy is die goeie herder. Die goeie word vertaal met ‘n wye betekenis: mooi, bruikbaar, goed, sonder foute, waardevol, edel, prysenswaardig, vlekloos en uitstekend.

Die tweede eienskap is dat die goeie herder sy skape ken, want Hy roep hulle op hulle name. Hy sê twee keer: “Ek ken my skape” (10:14, 27). Jesus se kennis van sy kinders (skape) is intensief. Hy vergelyk dit met die volmaakte kennis wat daar tussen die Vader en die Seun bestaan (Joh. 10:15).

Derdens lei die goeie herder sy skape. Hy loop voor hulle uit, hy jaag hulle dus nie aan nie. Hy loop vooruit en soek die beste weiding en drinkplek en kyk uit vir gevaar. Waar hy gaan, gaan die skape. Die skape volg hom omdat hulle hom ken, vertrou en liefhet.

Vierdens lees ons dat die goeie herder lê sy lewe vir sy skape af. Hierdie eienskap noem Jesus drie keer in verse 11, 15 en 17. Die dief en die rower en die wolf neem die lewe van die skape. Jesus gee Sy lewe vir die skape. Hierdie gee is natuurlik ‘n baie besonderse gee.

Die vyfde eienskap van die goeie herder is dat hy aan sy skape lewe gee (v. 10, 28). Hierdie lewe word met twee uitdrukkings omskryf. Dit is oorvloedig (v. 10) en ewig (v. 28).

Die sesde eienskap van die goeie herder is dat Hy sy skape vir ewig bewaar. Hy sê: “Hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie, niemand sal hulle uit my hand ruk nie...niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie” (Joh. 10:28-29). Hierdie uitspraak doen Jesus met groot sekerheid.

Soos die Herder ‘n verantwoordelikheid het teenoor sy skape, so het die skape ook ‘n verantwoordelikheid. Die eerste eienskap is dat Sy skape moet luister na sy stem (Joh. 10:3, 27). Indien die skape nie onderskeidingsvermoë het nie, kan dit nadelige gevolge hê. Hulle moet sy stem uitken tussen al die ander stemme.

Die tweede eienskap van die skape van die goeie herder is dat hulle Hom volg (Joh. 10:4). Hy herhaal dit weer in vers 27...”en hulle volg my”. Dis nie genoeg om net te luister nie, die skaap wat luister moet bereid wees om die goeie herder te volg waarheen hy hulle ook al mag lei.

Die derde eienskap is dat hulle, hulle goeie herder ken. Hulle ken nie net sy stem nie, maar hulle ken homself. Jesus sê in vers 14-15: “Ek ken my skape en my skape ken My net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken...”. Hier gaan dit oor ‘n persoonlike verhouding tussen ons en die Herder.

Die vierde en laaste eienskap is dat hulle glo. In Johannes 10:26 sê Jesus: “Maar julle glo nie omdat julle nie van my skape is nie”. Die implikasie is dat geloof in Hom, veral geloof dat Hy die Christus is, ‘n kenmerk van sy skape is. Geloof en ongeloof skei mense in hierdie lewe asook in die lewe hierna.

Openbaring 7:9-17 is ‘n wonderlike gedeelte van ‘n toneel in die hemel, waar die Lam en die Herder ter sprake is...”want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle herder wees en hulle na die fonteine met die water van die lewe lei”.

Dit is opvallend hoe die rolle in die vers omgeruil word: die Lam word die herder. Maar nog voor dit kon gebeur, is die rolle ook omgeruil. Die herder het ‘n lam geword. Die goeie herder het die offerlam geword wat ter wille van ons sondes geslag is. So het Jesus dit reeds in Johannes 10:15 gesê: “Ek lê my lewe af vir die skape”. En omdat dit gebeur het, kan die lam die herder by uitnemendheid wees.

Lees Johannes 10:1-21

Besprekingsvrae:

1. Vertel vir mekaar hoe jou week was en waar jy God se werking gedurende die week gesien het.
2. Watter eienskappe behoort ‘n goeie herder in vandag se tyd te besit en hoe vergelyk dit met dit wat Jesus gesê het?
3. Op watter maniere sal ‘n eienaar sy skape anders oppas as ‘n huurling?
4. Wat sê bogenoemde antwoord vir jou oor Jesus se verhouding met jou?
5. Watter “diewe en rowers” is daar in vandag se lewe?
6. Wat beteken dit vir jou prakties dat Jesus jou deur en deur ken?
7. Lees Jes. 43:1 en gesels oor die besondere vers.
8. Gesels oor Matt. 7:21-23.
9. Een van die eienskappe van die goeie Herder is dat Hy sy skape lei. Dink na oor jou lewe en deel met ander waar die Here jou gelei het.
10. Hoekom is dit nodig dat die Herder sy lewe vir sy skape aflê?
11. Hoe sou jy die “lewe in oorvloed” beskryf?
12. Lees Jes. 30:19-21 en Lukas 9:23-24, 57-62. Watter kenmerke van die skape kry jy in hierdie gedeeltes asook in Johannes 10?
13. Wat beteken dit prakties om vir Jesus te volg?
14. Wat dink jy is die beste manier om die Here te leer ken?
15. Dink jy dis sonder uitsondering altyd so: wie nie vir Jesus is nie, is teen Hom?

Samevatting en Afsluiting

1. Probeer in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Ek is die ingang vir die skape

In Johannes 10:1-10 gebruik Jesus die beeld van die skaapkraal as die veilige plek vir almal wat aan Hom behoort. Maar hoe kom ‘n mens in hierdie kraal? Daar is net een manier: jy moet deur die ingang ingaan, dis die enigste toegang wat daar is. Daarom is die ingang belangrik.

Die gedeelte waar Jesus na Homself verwys as die ingang vir die skape, volg direk na die gebeurtenis rondom die man wat blind gebore is. Daar het Jesus gepraat oor die geestelike blindheid van die Fariseërs teenoor die blinde man wat die geloofsoë het om Jesus te herken. Deel van die blinde man se geloofsreis was dat hy uit die sinagoge geban is. Hy het dus vanuit ’n vorige plek van veiligheid en gemaklikheid beweeg na ’n nuwe plek waar hy geroep word om Christus te volg waar Hy ook al gaan.

Jesus sê twee keer: “Ek is die ingang (vers 7, 9). Die 33-vertaling het gelui: “Ek is die deur”. Ingang is na my mening ‘n beter vertaling en dra Jesus se hartklop beter oor. ‘n Deur kan soms toe staan, maar ‘n ingang is altyd oop. Dit sluit aan by Jesus se sendinghart (Joh. 10:16). Met hierdie woorde beklemtoon Jesus dat daar geen ander manier is om redding te vind as deur Hom nie. Dit is vir Hom so ernstige saak dat Hy (volgens die Grieks) by al twee geleenthede sê: “Amen, amen, Ek sê vir julle: Ek, Ek is die ingang”. Die dubbele amen beteken: dit staan vas, dit is werklik so. Dit wys vir ons hoe belangrik hierdie uitspraak vir Jesus was. Daar word soms gesê dat mense van ander godsdienste ook gered word, of dat mense se goeie dade, voorbeeldige lewe of kerklidmaatskap hulle kan red. Christus se dubbele beklemtoning dat net Hy die ingang is, trek ‘n streep deur sulke opvattings.

Om die beeld wat Jesus hier gebruik te verstaan moet ek net eers kortliks verduidelik hoe die skaapboerdery in die Bybelse tyd gewerk het. Elke trop skape het ’n spesifieke herder gehad wat hulle opgepas het. Bedags het die herder hulle na die weiveld geneem en snags het hy hulle weer terug gebring na die veiligheid van die skaapkraal. Hierdie krale het gewoonlik klipmure gehad wat hoog genoeg was sodat die skape nie oor dit kon klim nie. Daar was net een opening wat dan as ingang tot die skaapkraal gedien het. Verder het hy ook gewoonlik doringtakke bo-op die mure gepak om die ongediertes uit te hou. Daar was dus net een manier om by die kraal in te kom, naamlik deur die opening wat as deur gedien het. In die nag het die herder dan ook binne daardie ingang geslaap. Die skape kon dus nie uitgaan sonder dat die

herder dit geweet het nie en geen ongewenste persone of ongediertes kon sonder sy medewete inkom nie.

Wanneer Jesus dus sê “Ek is die ingang vir die skape” verduidelik Hy dat Hy die enigste ingang na die ewige lewe en God is. Hy is die Herder wat ingang daartoe bewaak en niemand kon sonder Hom inkom nie. In hierdie konteks het die beeld van ’n deur of ingang dan ook ’n baie spesifieke betekenis.

’n Deur skei die wat binne is af van die wat buite is. Diegene wat binne is lyk anders as hulle wat buite is. Uitverkore kinders van God leef anders as hulle wat God nie ken nie. Die wêreld se manier van doen en die wêreld se waardes lyk anders as die gelowiges se waardes en manier van doen. Gelowiges word baie maal verkleineer omdat hulle anders as die wêreld lewe. Dit moet ons weet, ons sal nie gewild wees onder die wêreld nie en moet ons ook nie enigsins poog om deur die wêreld aanvaar te word nie. Wie werklik binne in Jesus se skaapkraal is moet verwag dat die wêreld hulle sal spot en verkleineer net soos Jesus ook bespot en verkleineer is.

Jesus sê ook dat soos Hy die ingang is, is Hy ook die uitgang: “Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit”. Van die geredde mense sê Hy: “Hy sal in en uitgaan en weiding kry” (Joh. 10:3, 9). Die uitgaan beteken nie dat hulle van die kraal af wegloop nie, nee hulle gaan uit om weiding te kry, “sodat hulle die lewe kan hê en dit in oorvloed” (v. 10). Net soos hulle deur Jesus redding vind en in die kraal kom, so kan hulle ook slegs deur Jesus die geestelike kos kry waardeur hulle die oorvloed van die lewe ontvang. Christus gee dus meer as redding, hy maak oor voorsiening sodat die gereddes geestelik gevoed kan word. Al twee is nodig; redding en voeding. Beide vind alleen deur Hom plaas. Hy is die ingang na en uit die kraal.

Lees Johannes 10:1-10

Besprekingsvrae:

1. Vertel vir mekaar hoe jou week was en waar jy God se werking gedurende die week gesien het.
2. Het jy enige ervaring van ‘n skaapboerdery of was jy al op ‘n skaapplaas? Vertel vir die groep van jou ervaringe en hoe dit aansluit by die boodskap.
3. Sê in jou eie woorde wat bedoel Jesus daarmee dat Hy die ingang vir die skape is.
4. Party mense beweer dat jy gered word as jy net opreg glo – dit maak nie saak in watter God nie. Wat dink jy daarvan?
5. Dit wil voorkom asof baie mense binne ‘n post-moderne samelewing dink dat ‘n morele, humanitêre lewe jou sal red. Wat dink jy daarvan?
6. Wat is van die voordele en seëninge as ons deur die hek ingaan?
7. Daar is beslis steeds gevare al is die diere in die kraal. Vir ons wat gered is, watter gevare is daar vir ons?
8. Lees Heb. 7:25 en Joh. 17:15. Watter troos is daar vir ons in hierdie verse?
9. Hoe belangrik is dit dat Jesus die skape uitlei uit die kraal vir weiding en hulle nie sommer maar net op hulle eie gaan nie? Motiveer.
10. Watter gevaarlike “weivelde” is daar vir Christene vandag?
11. Hoe kan ons dit vermy of beter hanteer?
12. Hoekom is daar so baie Christene wat tevrede is om bloot gered te word, maar geen behoefte het om te groei nie? Dit wil voorkom asof hulle net in die kraal wil bly.
13. Hoe sal jy iemand anders oortuig dat Jesus die enigste ingang vir die skape is?

Samevatting en Afsluiting

1. Probeer in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Ek is die opstanding en die lewe

Jesus se woorde aan Marta is nie maklik verstaanbaar nie, met al die vorige uitsprake het Jesus bekende voorwerpe gebruik. Nou gebruik Hy nie ‘n voorwerp nie, maar ‘n gebeurtenis, naamlik die opstanding en die lewe. Met hierdie uitspraak bevestig Jesus ook dat Hy waarlik van God kom en dat Hy God is. As Jesus sê Hy is die opstanding, beteken dit dat elke mens wat in Hom glo, ook die opstanding tot die lewe het. Elke gelowige besit reeds die opstanding omdat hy aan Jesus verbind is. Die opstanding van gelowiges geskied nie net eendag nie, maar elke dag. Jesus is nou reeds vir elke gelowige die opstanding. Jy kan triomferend lewe, meer as ‘n oorwinnaar wees (Rom.8:37), omdat Jesus die opstanding is. Jy kan voortdurend die krag van Jesus se opstanding ondervind (Fil. 3:10).

Jesus sê nie net vir Marta dat Hy die opstanding is nie, maar ook die lewe. Hy bevestig ook later aan die dissipels dat Hy die weg en die waarheid *en die lewe* is (Joh. 14:6). Vir Marta voeg Hy egter by dat “...Wie in My glo sal lewe al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo sal in alle ewigheid nooit sterwe nie...” (Joh. 11:25-26). Die vraag is sekerlik, maar wat is lewe? Hierop gee mense uiteenlopende antwoorde soos om ryk te wees of uitspattig te leef, om goeie gesondheid te hê, geluk, roem, eer, geleerdheid ens. Maar dis nie wat die Bybel onder lewe verstaan nie. Die Bybel stel dit duidelik dat my verbondenheid aan Jesus is die lewe (Joh. 3:36, 17:3; 1 Joh. 5:12). As Jesus sê “Ek is die lewe”, dan verwys Hy na hierdie en na die toekomstige lewe, vir die huidige lewe verwys dit na die kwaliteit van ons lewe. Jy besit egter nie van nature die ewige lewe nie, dit word slegs deur wedergeboorte verkry.

Ek dink Lasarus moes elke oggend laggend opgestaan het... Voor en na die gedeelte kry ons die berig van Lasarus wat sterf en die goeie nuus dat hy opgestaan het uit die dood. Jesus het ons ook uit ‘n ou lewe laat opstaan in ‘n nuwe kleurvolle lewe met eindelose moontlikhede!

Daar is ‘n legende wat sê dat Lasarus nadat hy gehoor het die Fariseërs hom wil doodmaak (Joh.12:10) na die eiland Siprus gevlug het, waar Paulus en Barnabas hom later die biskop van die kerk daar gemaak het. So was hy dus ‘n lewende voorbeeld van die Christelike lewe en opstandingshoop vir die mense van Siprus. Hy is later dood (weer) en op sy graf staan die inskripsie: “Die 4 dag Lasarus- vriend van Christus.”

Ja, Jesus is die Heer oor lewe en dood. Sy eerste wonder is by ’n bruilof; die laaste by ’n begrafnis! “Ek is die opstanding en die lewe...” wat het Jesus presies hiermee bedoel? Ons

weet wel dat dit nie beteken dat ons nie fisies sal doodgaan nie. Soos jy seker weet, is die sterftesyfer steeds 100% onder Christene en Leo Buscaglia was reg toe hy gesê het: “Nobody comes alive out of life.” Maar ons weet wel dat Jesus die dood vir Sy volgelinge in die hoofpad hemel toe verander het. Daarom weet ons dat die dood presies is soos 'n karakter uit Seventh heaven, die TV-program oor 'n pastoriegesin, verduidelik het: “Die dood is soos wanneer jy as kind siek en koorsig word. Jy gaan bed toe, al swetende, warm van die koors, bewend. En jy voel sleg genoeg om dood te gaan. Die volgende môre word jy wakker, jou koors is weg en jy voel 100 persent beter. Jy voel veilig, sterk en geborge en skielik besef jy hoekom. Jy is in jou ouers se bed! In die middel van die nag het iemand jou kom haal en jou daarnatoe (huis toe) geneem.”

Dit impliseer dat jy 24/7 voluit kan lewe, want jy weet dat die lewe nie hier ophou nie, maar in die hemel aangaan. Jesus volgelinge is soos Duracell-hasies wat net aan- en aan- en aangaan tot in die hemel. Sodat daar van jou gesê sal word: Jy het altyd gedink dit is belangriker hoe jy jou lewe leef as hoe lank jy leef.

Lees Johannes 11:17-44

Besprekingsvrae:

1. Vertel vir mekaar hoe jou week was en waar jy God se werking gedurende die week gesien het.
2. Lees Joh. 11:17-44 en gesels oor jou waarnemings.
3. Dink jy Jesus is vir gelowiges en ongelowiges die opstanding?
4. Is daar ook ander maniere waarop mense ”dood” kan wees, bo en behalwe fisiese dood?
5. Was jy al ook soos Marta en Maria ongelukkig omdat Jesus iets toegelaat het, wat jy dink onnodig was en kon voorkom gewees het?
6. Hoe sou jou geloof gewees het as jy in Marta en Maria se skoene was?
7. Lees Ef. 1:15-23
    a. Hoe beleef jy God se krag in jou lewe?
    b. Is daar iets wat ons kan of moet doen om meer van daardie krag te ondervind?

8. Lees Fil. 3:17-21. Met die opstanding word ons liggaam verheerlik. Hoe verstaan jy dit?
9. Watter verskil maak die opstandingskrag wat in jou leef, in jou daaglikse lewe?
10. Wat dink jy beteken dit om regtig te lewe?
11. Hoe en wanneer dink jy ontvang ‘n mens die ware lewe?
12. Wat dink jy sou die verskil wees tussen “Jesus gee ons die lewe” en “Jesus is die lewe”?
13. Watter verskil maak die volgende teksgedeeltes aan jou lewe (Joh. 3:36, 17:3; 1 Joh. 5:12)?
14. Gesels met mekaar oor die proses van wedergeboorte en die impak daarvan op ons lewens?
15. Die volgende wiskundige vergelyking is waar: 3x3=9 asook 9=3x3. As Christus sê “Ek=lewe”, dan is dit ook korrek om te sê: “Lewe=Christus”. Bespreek dit aan die hand van Fil. 1:21.
16. Hoe kan ‘n mens dit regkry om voluit te lewe ondanks die moeilikste omstandighede?
17. Hoe sien jy die ewige lewe?

Samevatting en Afsluiting

1. Probeer in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe

'n Student het aan Karl Barth, waarskynlik die grootste teoloog van die 20ste eeu, 'n vraag in die klas gevra: "Prof", dink u nie dat God Homself geopenbaar het in ander godsdienste behalwe die Christendom nie?" Barth se antwoord het die wind uit die student en die res van die klas se seile geneem: "Nee, God het nie Homself geopenbaar in enige godsdiens nie - insluitende die Christendom. Nee, Hy het Homself geopenbaar in Sy seun, Jesus Christus!" Ons word nie gevra om te glo in 'n godsdiens of om die leerstellings van 'n godsdiens te volg nie. Ons is gevra om te glo in 'n Persoon, 'n Lewende Persoon, wat verklaar dat Hyself God is! Deur na Jesus te kyk… as jy Hom sien, sien jy vir God… dis wat Johannes 14 onderstreep.

Jesus sê vir hulle dat Hy na Sy Vader gaan, vir hulle plek sal berei en hulle dan kom haal. Met enkele penstrepe skets Hy wat gaan gebeur. Tipies menslik sê Tomas dat hulle nie weet waarheen Jesus gaan nie en dus ook nie die pad ken nie. Dan antwoord Jesus: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie". Hiermee sluit Jesus aan by en gebruik die wêreldbeeld wat destyds algemeen bekend was. Toe is daar nie net geglo dat die aarde 'n plat vierkant is wat op pilare rus, met die hemel bo en die see onder die aarde nie, die algemene opvatting was dat die hemel die plek van volmaaktheid was. Daar was geen duisternis nie, maar net lig. Daar was geen pyn of lyding nie, net oorvloed en vreugde, daar was nie dood nie, net lewe. Dit is waar God gewoon het.

Nou voltooi Jesus hierdie prentjie. Hy het nie net van die hemel aarde toe gekom nie, Hy gaan nou binnekort terug hemel toe. Dan maak Hy die pad na die hemel toe oop. Met Sy koms het Hy as't ware die een baan geopen; van die hemel na die aarde. Nou gaan Hy die ander baan voltooi en oopstel: van die aarde na die hemel. Dan is die hemel en die aarde nie meer twee geskeie ruimtes nie, maar een. Dan sal die hemelse na die aarde vloei en kan die mens na God toe gaan. Die hemelse, die lig, lewe, liefde, oorvloed, genade en al die ander wonderlike dinge kan deel van hierdie lewe word. Die gelowige se lewe eindig dan nie in die graf nie, maar gaan voort in die hemel.

Die pad na God is oop. Ons kan God ken, ons kan na Hom toe gaan, nie net na die dood nie, maar ook in gebed, in ons gesprekke met Hom. Ons kan Hom loof en prys...ons kan by Hom kla, ons kan met ons versoeke na Hom toe gaan. Die pad is oop. God se deur staan oop vir

wie in Hom glo. Jesus is die weg en die deur. Hiermee sê Jesus dan dat die aarde nie ons finale eindbestemming is nie. Ons reis met Hom gaan deur Hom na die hemel toe, na God toe. Dit is belangrik dat dit nie, of selfs, in die eerste plek wys op ons reis na die dood nie. So asof ons hier op aarde leef en dan na die dood hemel toe gaan nie. Die pad is nou oop. Nou moet en kan ons hemel toe, na God toe gaan. Daagliks moet ons dit doen. Van Hom moet ons elke dag dit ontvang wat ons nodig het om Sy werk hier te doen. Nou moet ons die hemel aarde toe bring of die aarde in die hemel omskep. Dit kan gebeur as ons soos Jesus leef. In liefde leef... Sy lig laat skyn, Sy werk doen. Dit kan alleen, maar dit moet, as ons voortdurend heen en weer beweeg op die weg....Jesus Christus.

Ons dink aan waarheid asof dit ‘n objektiewe en feitelike korrekte stel gegewens is. Jesus sê, Hy is die waarheid...en die waarheid is nie iets nie, dis ‘n Persoon. In die Bybel word waarheid en lig telkens saam gebruik, geen wonder dat ons ook lees dat Jesus die lig is nie. Waarheid is daarom iets rasioneel. Dit is om in verhouding te staan. In verhouding met Jesus. Vra ons dan wat die regte ding is om te doen, dan kom die antwoord: wat ons in opregte verhouding met Jesus doen. Saam met Hom en tot eer van God. Dis reg. Dis die waarheid. Leef ons in verhouding met Jesus, dan leef ons in die waarheid.

Buite Hom is die dood en is daar geen lewe nie. Hiermee word nie bedoel dat mense nie kan asem haal en bestaan sonder Jesus nie, maar dat mens nie sinvol kan bestaan buite Hom nie. Lewe is om aan God gebonde te wees. Om een met Jesus te wees. Elders het Jesus gesê dat die ewige lewe is om aan God te behoort. Dis lewe. Nie sinlose bestaan nie. Hy is die skepper, en Hy gee aan alles lewe. Deur die verbreking van die band met God, verloor die mens sy lewe, al haal hy nog asem. Jesus sterf om ons weer aan God te bind en so te laat leef. Sonder Jesus kan ons nie lewe nie.

Lees Johannes 14:1-14

Besprekingsvrae:

1. Vertel vir mekaar hoe jou week was en waar jy God se werking gedurende die week gesien het.
2. Lees Johannes 14:1-14 en deel met mekaar wat jou dadelik opval.
3. Waarom dink julle begin Jesus met die woorde in v 1 “Moenie ontsteld wees nie...”? *(Kyk vinnig na hfst. 13 vir die sleutels – verraai, verloën, verklaring dat Hy gaan sterf – watter impak kon hierdie traumatiese gebeure op die dissipels gehad het?)*
4. Die uitdaging is om aan te hou om te glo t.s.v. baie moeilike persoonlike omstandighede.
    a. Watter versekering geen Jesus in die volgende verse (2-4) wat ons moet help om te bly glo?
5. WEG - Die eerste Christene is genoem “mense van die weg...” Watter uitdaging is daar vir ons om aan die Here gehoorsaam te wees? Noem ‘n paar sake waarin die Here baie duidelike gehoorsaamheid van ons vra.
    a. Wat gee vir ‘n mens die sekerheid dat jy gered is / sal word?
    b. Watter uitdaging is daar vir ons om soos Jesus te leef? *Noem ‘n paar kernsake wat Jesus se manier van leef heeltemal anders gemaak het.*
6. WAARHEID – staan teenoor allerhande leuens en halwe waarhede. Watter leuens glo ons maklik oor onsself? Waarom is ons bang vir waarheid oor wie ons is?
    a. Jesus se verklaring dat Hy die Waarheid is, behoort dus vir ons watter versekering te wees?
    b. Wat beteken die woord “Waarheid” vir jou?
    c. In watter opsig sou Jesus se woorde verskil het as Hy gesê het “Ek sal julle van die waarheid vertel” in stede van “Ek is die Waarheid”?
7. LEWE - die woordjie lewe kom voor in al die ander “Ek is” uitsprake – brood wat lewe gee, lig vir die wêreld wat lewe gee, goeie herder wat sy lewe aflê, ware wingerdstok waaruit ons groei...
    a. Lees ook Johannes 11:25-26. Watter sake steel jou lewe? Of wat breek dit wat Jesus in jou wil bou, af?
    b. Hoekom dink jy het Jesus heeltyd mense na Homself as rigtingwyser gelei en nie na dit wat Hy hulle geleer het nie? Watter verskil maak dit vandag in jou lewe?

c. Hoe is dit moontlik om baie oor Jesus se leerstellinge te weet, maar nie Hom werklik te ken nie?

Samevatting en Afsluiting

1. Probeer in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake: